FAMILIENUUS 350

30 Oktober 2018

Familienuus 350

UIT ONS SINODEHUIS

"*Laat u ryk, Heer, in ons, deur ons, oral kom!*"

Dis die lied waarmee ons Dinsdagmiddag ons sinodesitting afgesluit het. Liedboek 488 se 5 verse is terselfdertyd 'n goeie beginpunt vir enige gelowige en gemeente om hierdie gebed waar te maak: "mag u lig, Heer, deur ons skyn" en "mag u lof, Heer, deur ons klink" en "mag u troos, Heer, deur ons gee" en "mag u hoop, Heer, deur ons gee" en ook nog "laat u ryk, Heer, in ons, deur ons, oral kom!"

Dis op ons agendas, dis ons roeping, dis in ons hande …

Francois Retief

LERAARS

Jaco van Rooyen van Middelburg emeriteer op 31 Oktober na 'n bediening van 34 jaar in en om Middelburg.

Gerrit Vosloo sit sy bediening vanaf 1 November voort in **Nelspruit-Suid.**

PREDIKANTEKONFERENSIE 2019

Ons "kampleier", Jurgens de Jager, vertel dat hy weer vir prof Jan van der Watt gereël het as spreker. Volgende jaar praat hy met ons oor Openbaring.

BELANGRIKE DATUMS VIR 2019

OOSTELIKE SINODE 2019	
DATUMS VIR JOU GEMEENTEKALENDER	
7 Januarie	Sinodehuis open
11 - 14 Februarie	Geloofsreis met Gys van Schoor
21 Februarie	Sinodale Diensraad
6 - 8 Maart	Algemene Sinode Moderamen-vergadering
26 - 31 Maart	Skolliekamp
29 - 31 Maart	#imagine-naweek
23 Mei	Sinodale Diensraad
10 - 14 Junie	Predikantekonferensie in Letaba
14 Augustus	Sinodale Diensraad
16 - 20 September	Geloofsreis met Gys in Greyton
17 - 19 September	Lentekonferensie Excelsus
21 - 25 September	Eco 7 kamp
22 - 25 September	Ekofaktorkamp
22 - 27 September	Cruxkamp
6 - 11 Oktober	Algemene Sinode in Benoni
21 November	Sinodale Diensraad

SKAKELS NA AANBIEDINGS TYDENS ONS SINODESITTING

Ons het versoeke ontvang vir verskillende uittreksels uit ons Sinodesitting. Ons plaas graag die skakels op die hoofblad van ons webwerf www.sinoos.co.za. Indien u nog versoeke het, stuur epos na argief@sinoos.co.za

TOERUSTING

'n Bekende uit ons Sinode, dr Petrus Moolman, bied 'n oggendseminaar by Overkruin aan oor die **impak van die Bosoorlog op ouerwordende persone**. Ander sprekers is Henk Gous en Fanus Hansen.

Die **eerstejaarskamp van die Pukke** is die plek om te wees as jy volgende jaar daar begin studeer. Hier is die besonderhede.

Gys van Schoor het vir ons sy Nuusbrief gestuur.

Leon Westhof van Elarduspark gee inligting oor prof Louis Jonker se baie relevante seminaar oor die boek Kronieke. Ons

heg die program hier aan. Kontak Leon by leonwesthof@ngelarduspark.org.za of 012 345 1144.

Bekendstelling van **Willem Nicol** se nuwe boek "*GENOOI OM TE VOLG. Ervaar die lewe van die **aardse** Jesus.*" Neels Jackson, redakteur van *Die Kerkbode, gesels met die skrywer tydens hierdie geleentheid op* Woensdagaand 14 November om 19:00 by Stellastraatgemeente, Stellastraat 158, Waterkloof, Pretoria. Dis 'n bottel- en bord-aand, maar wyn word voorsien. (Bring jou eie eetgoed en enige ander drinkgoed.)

TEOLOGIESE OPLEIDING

Die **legitimasieplegtigheid** van die Kuratorium vind op 8 November om 19:00 by Universiteitsoord plaas. Kontak Lizette by 012 420 2892 / ngkerk@up.ac.za om te bevestig dat jy kom.

GEMEENTE

Lynnwoodrif vertel van hulle Kuier- en Kersmark op 23 November.

CMR MPUMALANGA

Het jou sinodesitting-inkopiesak al gewerk? Myne trek baie aandag. En dis lekker om dan te vertel van die projek wat deur die CMR Carolina se vrouens aangepak is. Kontak hulle gerus op Carolina by 017 843 1805.

BYBEL-MEDIA

Ons plaas Bybel-Media se Nuusbrief asook inligting oor die Woord en Fees-bundel wat 'n hulpmiddel is vir die voorbereiding van eredienste en preke gebaseer op die Leesrooster.

Bestellings vir Jaarboek 2019 kan ook nou reeds geplaas word.

VERJAARSDAE

Geluk aan almal wat tot 12 November 2018 verjaar.

Gemeentes:

31 Oktober – Middelburg-Kanonkop, ngmidkanon@telkomsa.net (45)
1 November – Komatipoort, ngkomati@mweb.co.za (56)
2 November – Oostelike Sinode, uitamp@sinoos.co.za (39)
3 November – Malelane, ngmalela@mweb.co.za (62)
5 November – Ermelo, admin@ngkermelo.co.za (148)
6 November – Pretoria-Oosterlig, info@oosterlig.co.za (43)

Emeriti:

5 November – Hendrik Saayman, Moreletapark 2017, hendrik@dieplan.org

Predikante:

30 Oktober – Peter Malan, kerksondermure, peter@3d-acts.com
30 Oktober – Johann Voges, Chrissiesmeer, jvoges@mweb.co.za
5 November – Danie Langner, Lyttelton, danielangner@fak.org.za
7 November – Auke Compaan, Skuilkrans, auke.compaan.ac@gmail.com

Groete tot 13 November 2018.

Francois Retief
Uitvoerende Amptenaar
uitamp@sinoos.co.za